

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2014

Preek 11

Lees: Fil.3

Teks: Fil.3:12-14

Psalms: 84:1,2; 84:3,4; 86:6; 29:1,2; 29:4,5

1. Inleiding:

Verbly julle. So begin Paulus hierdie hoofstuk. Dit is natuurlik nie die eerste keer dat hy blydskap ter sprake bring nie. Hierdie keer voeg die apostel egter iets nuuts daaraan toe: die woorde *in die Here*. Verbly julle in die Here Jesus Christus.

Daarmee neem hy ons as't ware aan die hand en hy lei ons na die bron van ons blydskap. Christus se verlossingswerk is die fontein van ons vreugde. Dit alleen.

Wie daarom ware vreugde soek, moet na ons Here Jesus toe gaan. 'n Lewe uit die evangelie is 'n lewe van blydskap.

Maar ... as ons Here Jesus Christus ons blydskap is, spreek dit vanself: dan wil ons steeds meer en meer van Hom weet. Én: dan wil ons ook meer en meer uit sy verlossing leef.

En juis daartoe spoor Paulus ons aan in ons teksverse: **Lê julle daarop toe met alles wat in julle is om dieper in die kennis en die uitleef van die kennis ons Here, ons vreugdebron, ingelei te word.**

Na hierdie **tema** kyk ons aan die hand van die volgende hoofpunte:

1. die **wenpaal** van die geestelike atleet;
2. die **geestelike ingesteldheid** van die atleet;
3. die **inspanning** van die atleet; en
4. die **prys** waarna hy jaag.

2.1. Die wenpaal van die atleet

Paulus se hartsbegeerte was **om dieper ingelei te word in die kennis van Christus**. Daarna het hy hom uitgestrek met alles wat in hom was.

Hierdie hartstogtelike strewe druk hy uit met **die beeld van 'n wedloop**. Om Paulus in ons teksverse goed te verstaan, moet ons dus hierdie beeld in gedagte hou.

Atletiek was 'n besonder geliefde sport in die destydse wêreld. Oral in Italië kan u vandag nog oorblyfsels van sportstadions sien. Ons Olimpiese Spele byvoorbeeld het ook daar sy oorsprong.

En nou vergelyk die apostel die Christelike lewe met so 'n wedloop.

En u weet: Elke atleet mik na die wenstreep. Daartoe span die atleet hom in met alles wat in hom is: om dit te kan haal. Dit is immers ook die doel van die wedloop: om die eindstreep te bereik.

Dit laat 'n mens dadelik vra: **Wat is vir ons as Christene die wenstreep** waarna ons mik?

Die antwoord moet ons gaan soek in ons tekshoofstuk. In vers 14 sê hy: *...ek jaag na die doel ...* Met die **doel** bedoel hy die eindstreep.

In vers 14 sê hy weliswaar nie wat die wenstreep is nie. Maar in vers 9-11 sê hy presies waarheen die Christen-atleet in volle vaart moet hardloop. Die wenpaal is naamlik: ***die geregtigheid deur die geloof in Christus ... (en) sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik.***

Voor ons in vers 9-11 verrys die wenpaal. Die wenpaal, die doel kan ek kort en kragtig so saamvat: **Kennis van ons Heiland en sy heilswerk: om deel te mag hê aan sy geregtigheid en die afsterf van ons ou mens aan die kruis en die opstaan van ons nuwe mens deur die krag van Christus se opstanding**. In daardie **kennis** wil die apostel groei, ja, daarheen wil hy voortnael.

Dit gaan dus vir Paulus om **kennis**, kennis van Christus se kruis en opstanding.

Maar nou moet ons baie goed verstaan wat die Bybel met kennis bedoel. Dit gaan beslis nie maar net om 'n verstandskennis nie. Egte kennis is ook 'n **hartskennis**, 'n **beleefde kennis**. Dit is 'n kennis waaruit jy wil leef.

Hoe ervaar ons daardie krag van Christus se kruis en opstanding in ons lewens?

1. As ons deur die krag van Christus se kruis ons liefdelose ou mens, ons sondige lewe aflê; en
2. as ons deur die krag van Christus se opstanding saam met Hom opstaan in 'n nuwe lewe van waaragtige liefde.

Na hierdie kennis moet elkeen van ons hardloop. 'n Verstandskennis alleen is nie genoeg nie. Dit gaan om 'n beleefde kennis en 'n kennis wat uitgeleef word. Ons kennis van Christus moet ook iets doen, iets bewerk in ons lewe.

Ons kan dus sê: dis 'n nael na ons Here Jesus Christus toe, 'n steeds digter by Hom leef en uit sy oorwinning leef. Dit gaan om 'n steeds meer en meer verwerklik van sy triomf oor die sonde in ons daaglikse bestaan.

Die beweging is dus na Hom toe. Die beeld wat hier aan ons voorgehou word, is **beslis nie** die van 'n gelowige wat Christus leer ken het en wat nou met mag en mening self die wedloop teen die sonde probeer aflê nie. Dan hardloop ons eerder weg van Hom, die wenpaal, af. Nee, die rigting van die atleet moet na Christus toe wees. Hy is die wenpaal. Na Hom mik ons. Dit is die doel waarna ons hardloop: om nader aan Hom te kom, om meer van Hom te weet, om meer uit Hom te leef.

2.2. Die geestelike ingesteldheid en motivering van die atleet

- Niks is so fataal vir 'n atleet as om voor die wenstreep al te dink dat hy gewen het nie. Hoeveel keer het ons nie al byvoorbeeld gesien dat 'n atleet wat voor die eindstreep ophou uithaal verloor nie.

So 'n geestelike sportman was Paulus ook nie. Hy het nie na sy wonderlike Damaskus-ervaring, toe Jesus aan hom verskyn het, gesê: Nou is ek by die wenstreep, nou weet ek genoeg van my

Heiland nie. Hy het nie na sy bekering aldaar verklaar: Nou leef ek genoeg uit sy oorwinning en nou leef ek naby genoeg aan Hom nie.

Inteendeel, hy was terdeë daarvan bewus dat hy nog nie by die wenstreep was nie. Daarom verklaar hy: *Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp ...* Dat daar aan sy kennis van Christus en sy beleving van die kennis nog soveel ontbreek - daarvan was hy hom terdeë bewus.

Is ons bewus daarvan dat daar ook by ons nog soveel ontbreek? So baie is heeltemal tevrede met hulle skamele kennis van Christus. So baie is heeltemal tevrede met hulle gebrek aan groei in dankbaarheid, in liefde vir die Here – om te groei deur en uit die verlossing van Christus. Daar is soveel hardlopers wat gaan stilstaan het op die baan.

- Maar ons is nog nie klaar met die geestelike gesteldheid van die atleet Paulus nie. Wat **dryf** hom na die wenpaal? In vers 12 word die geheim, ons kan ook maar sê die apostel se groot **dryfveer**, sy **dryfkrag**, onthul. Want daar sê hy: ... ek jaag na die wenstreep of ek dit ook kan gryp, *omdat ek ook deur Christus gegryp is*.

Paulus het nie eerste na Christus toe gekom nie, maar Christus het hom **gegryp**. Oppad na Damaskus toe, toe hy nog dreiging en moord teen Christus en sy kerk geblaas het - daar het Christus hom in sy groot genade gegryp. Met die gryp bedoel Paulus: Christus het Homself aan hom geopenbaar. Die heerlijkheid van die evangelie is aan hom onthul. Die blye boodskap is Christus se **gryparm**.

Ons kan ook maar sê: die apostel is **aangegryp** deur die wonder van God se liefde in Christus. Deur die verblindende lig op die pad is sy liggaamlike oë verblind, maar sy geestelike oë is geopen. Met die oë van sy hart het nou hy die alles oortreffende heerlijkheid van Christus se genade aanskou. Hy is aangegryp daardeur. Die evangelie het vir hom 'n aangrypend saak geword.

En toe hy eers onder die indruk van Christus gekom het, toe kon hy sy hele lewe lank nooit meer genoeg van Hom kry nie. Toe wou hy steeds meer en meer toeneem in die kennis Christus en steeds meer en meer uit hierdie kennis leef. Daardie eerste openbaring het hom **gemotiveer** na meer. Toe Christus hom gegryp het, het hy ook na Christus gegryp.

So gaan dit vandag nog: As u aangegryp is deur Christus, kan u nooit genoeg van hom kry nie.

Maar ons kom by 'n derde aspek van die wedloop:

2.3. die konsentrasie en inspanning van die atleet

1. In die *eerste* plek is daar by 'n wedloper sprake van **konsentrasie**.

'n Naeloper in 'n wedloop se aandag is net op die een ding gevestig: die wenpaal en die prys. Hy laat nie toe dat iets sy konsentrasie op sy doelwit verbreek nie. 'n Atleet weet immers: As hy omkyk, verloor hy spoed en uiteindelik die wedloop.

So was dit ook met Paulus: Soos 'n atleet was sy volle aandag op die wenpaal alleen gekonsentreerd, dit wil sê op Christus. **Dáár** wou hy uitkom: by sy Heiland alleen en om alleen uit sy oorwinning te leef. Daarom sê hy: ... *ek vergeet die dinge wat agter is* Dit mag sy aandag nie aftrek nie. Christus vra sy volle konsentrasie.

Dit laat 'n mens egter vra: **Wat is daardie dinge wat agter lê?** By Paulus was dit sy goeie werke as Fariseër. Daarop wil hy nie meer terugkyk of staatmaak nie, maar op die kruis en opstanding van Christus alleen.

Die gevaar bestaan dat ons so besig kan wees met ons werk vir God en wat ons al vir Hom gedoen het, dat ons nie eens meer aan Jesus dink nie. Dan begin ons steeds meer uit eie krag en eie verdienste leef en ons strek ons nie daarna toe uit om al meer en meer net uit Christus te leef nie.

2. *Tweedens*: 'n atleet kom nie sommer vanself by die wenpaal nie. Jy moet jou **inspan**.

Dit is ewe waar in die geestelike wedloop. Ons moet moeite doen om meer van Christus te wete te kom. Ons het self dus ook 'n verantwoordelikheid. En dit is die bedoeling van Paulus se woorde: ... *ek strek my uit na wat voor is*

Hoe kan ons ons dan inspan? Doodeenvoudig: deur gebed, deur huisgodsdienst en prediking. Wie na daardie dinge jaag, is soos die atleet wat hom inspan om die wenstreep te haal.

Maar ons kom by die laaste. Dit is:

2.4. die prys wat die gelowige atleet ontvang

Paulus jaag na die eindpaal *om die prys te verkry*, die prys van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

Om te weet wat die prys presies is, vestig ek u aandag eers op 'n ander teks naamlik **2 Timoteus 4:7**. Daar gebruik Paulus eweneens die beeld uit die atletiek-wêreld wanneer hy vir Timotheüs sê: *Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou*. En dan volg in vers 8 die prys: *Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee....*

Soos die wenatleet in daardie tyd bekroon is met 'n lourierkrans, 'n oorwinnaarskrans, so wag daar vir die gelowige dus ook 'n kroon: die kroon van geregtigheid. Ons kan ook maar vertaal: die kroon wat bestaan in 'n heerlike, volmaakte verhouding met God. Daarmee word ons bekroon as ons uit sy verlossing en sy oorwinning leef.

En dat **dít** is ook die prys is wat ter sprake is in ons teks. Paulus praat in vers 14 van *die prys van die hoë roeping*. Om dit duideliker te vertaal: die prys wat bestaan in die roeping na bo. Die prys is: om van hierdie aarde af te sien, om nie aan die aardse dinge verknog te wees nie, maar om na bo te sien, om te soek wat daarbo is, waar Christus is. Daartoe roep God ons: dat Hy alles sal wees vir ons. Dit is ook die heerlikste wat daar is: om heeltmal vir God te leef.

Maar om nogeens duidelik te maak dat ons hierdie prys nie uit eie krag of uit eie verdienste ontvang nie, eindig Paulus met die woorde: die hoë roeping *van God in Christus Jesus*. Ons begin nie vanself hardloop nie, maar dit dit is deur die krag van God se roepstem in Christus Jesus. In Paulus se bekering oppad na Damaskus het u 'n praktiese demonstrasie daarvan: die roepstem van God in Christus weerklink uit die hemel – en Paulus begin soek wat daarbo is.

Ons moet dit dus goed begryp: Ons ontvang hierdie prys nie omdat ons sulke kranige atleet was nie. Ons kry dit alleen omdat ons deur God se genade in Christus Jesus by die wenstreep - by Christus - uitgekom het.

Daarom is die kroon 'n GENADEKROON. Uit genade, om Christus wil, ontvang ons die prys.

3. Slot

In die wedloop van die geloof gaan dit om Christus en Christus alleen.

AMEN